

3 Maart

Skrifgedeelte: 1 Samuel 25
Fokusgedeelte: 1 Samuel 25:26

Slagoffer of koning(in)

Haar man het as 'n opperste dwaas sy naam gestand gedoen. Geen wonder dat die voortvluggende Dawid en sy soldate dit baie ernstig oorweeg het om Nabal dood te maak nie. Hulle word beledig in plaas van beloon vir die feit dat hulle vir 'n tyd lank die veiligheid van sy vee verseker het. Dit dien egter bloot as agtergrond vir die sentrale fokus wat op een van die merkwaardige vroue in die Bybel val. Abigail se merkwaardigheid is daarin geleë dat sy nie net as vrou haar dwase man beskerm nie, maar ook as 'n instrument in die hand van die Here die toekomstige koning van Israel tot sy sinne bring. Sy word nie slagoffer van die situasie waarin sy haar bevind nie, maar bewerk "*koninklik*" 'n verandering daarbinne. Toe sy die berig van die naderende weermag ontvang, het sy nie besluit om op die vlug te slaan en haar dwase man aan sy eie lot oor te laat nie, maar het sy sonder skroom beheer geneem oor die situasie, groot voorbereidings getref, duidelike bevele aan haar slawe gegee en trompop die soldate tegemoet gegaan. Haar hele optrede wat getuig van nederigheid, krag en oortuiging, is nie maar net 'n menslike pleidooi om selfbehoud nie, maar 'n kragtige geloofsgetuigenis wat Dawid oproep om dringend te besin oor God se wil in hierdie konkrete situasie. In Abigail se optrede sien en hoor Dawid die hand en die stem van die Here. Hierdie gelowige vrou van 'n dwase man is 'n kosbare instrument in die hand van die Here.

'n Mens kan so maklik die "*slagoffer*" van jou eie omstandigheid word. Die situasie bepaal dan hoe jy instinktief in eiebelang optree – jy vlug of veg; sonder om te dink. Vir God se kinders gaan dit nie oor hulleself en hulle eiebelang nie. In Jesus Christus word ons deel van 'n nuwe koninkryk en word ons toegerus met Geesteskrag om koninklik en tot eer van God op te tree in elke situasie. God se wil moet in alles die deurslag gee en ons optrede bepaal. Abigail was die een wat in hierdie krisissituasie "*koninklik*" opgetree het en uiteindelik ook koningin geword het.

Sing: Skrifberyming 14-1:2, 3

Ds IW Ferreira (Rietvallei)